



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 29

DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK

Die vraag na die waarheid is by artikel 29 van die NGB op 'n besondere manier in die brandpunt. Die onderskeid in sake van geloof tussen waarheid en die leuen loop parallel met die vraag na ware en valse kerk. Gelowiges is baie sensitief oor kerk en leef in die oortuiging dat hulle reg is. Dit beteken dat enige arrogante of veroordelende houding nie in hierdie debat hoort nie. Ons kan egter nie wegstroom van die sensitiewe gesprek nie, maar ons moet onmiddellik onderskei tussen vrome lidmate en die ware kerk. Mense verwar maklik die twee en stel vrome en opregte mense gelyk aan ware kerk. Dit lei daartoe dat enige stelling oor kerk baie persoonlik opgeneem word. Sodanige houding dien nie die strewe na gehoorsaamheid aan God nie. Kerk is gerig op die Here en gebou op die fondament van Christus, nie afhanklik van mense se ego's nie.

Tydens die Reformasie moes daar na verskeie kante afgegrens word ten opsigte van hierdie saak. Dit was nie net die Roomse kerk wat aanspraak gemaak het daarop dat dit die enigste ware kerk is nie. Die Anabaptiste en ander sektes het ook aanspraak gemaak op die titel van ware kerk. Die verskeidenheid Reformatoriese kerke wat ons in die 21e eeu vind was buite die denkraamwerk van die opsteller van die NGB. Ons sou vandag selfs kon praat van 'n glyskaal van

getrouheid. Dit moet in enige gesprek in ag geneem word.

Die NGB het reeds vroeër die kerk omskryf as die gemeenskap van gelowiges wat almal saam 'n gemeenskaplike geloof in Jesus Christus bely, saam sing, -bid en -luister. Gelowiges gebruik die Nagmaal saam en dra die juk van Christus met blymoedigheid. Sodanige kerk is nie beperk tot een tyd, een gemeente, een denominasie, een land of een taal nie. Hierdie "katolieke" kerk kan op alle plekke oral deur die eeue gevind word. Nêrens in die Bybel vind ons aanduidings dat iemand geglo het en nie by die kerk aangesluit het nie. Dit spreek boekdele van vandag se tendens onder sogenaamde gelowiges wat nie aan 'n kerk behoort nie. Gelowiges moet by die plaaslike kerk aansluit, want dit is die sigbare vorm van die liggaam van Christus, 'n geheimenis wat ons net kan bely.

Dit beteken nie dat die kerk se aard skielik deur die lidmate bepaal word nie. Artikel 29 wil aan gelowiges riglyne gee aan die hand waarvan hulle dan by die regte (ware) kerk kan aansluit. Dit is per slot van sake nie jou eie oortuiging of gevoelens wat bepalend is nie, maar dit wat die kerk is en doen. Hoe kies jy kerk?

DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK

Die NGB artikel 29 se opskrif is reeds kontensieus. Hoe durf mense beweer dat daar 'n ware kerk is? Wat is dit wat maak

dat een kerk "waar" is en 'n ander op die verkeerde pad is? Is dit nie genoeg om net te glo nie? Geloof is genoeg - word beweer. Vrae soos dié is die resultaat van emosionele opwelling en maak nie deel uit van gesonde debat nie. Die blote vraag is 'n dogmatiese vraag en daar is (veral) charismate wat nie eens die woord "dogma" wil hoor nie. Elke kerk het 'n eie dogma. Die moontlikheid dat dit verkeerd kan wees, is volgens baie mense ondenkbaar. Met "dogma" word verwys na die geheel van gelowiges se besinning oor die Skrif. Dit is sistematiese nadenke oor die openbaring soos deur die kerk geformuleer. Dit word as gesagvol en geloofwaardig aangebied. Die kerk is dan die draer van hierdie dogma. Reformatories gesproke is deel van hierdie dogma dat daar 'n ware en 'n valse kerk is. Hierdie dogma is op die Skrif gefundeer en gemotiveer. Wat leer ons in die Bybel oor "ware kerk"?

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is,

Dit is geen lukraak of emosionele saak wat bespreek word nie. Die waarheid is op die spel. Juis daarom is dit paslik om met die regte gesindheid oor die saak na te dink. Daar is nie ruimte vir blinde lojaliteit en eiegeregtigheid nie. Dit is in die Bybel self dat ons die onderskeid terugvind. In Openbaring 2 word van die sinagoge van Satan gepraat. Net so sou ons kon praat van die kerk van Satan. Net soos die lede van die sinagoge mislei kon word, net so is dit moontlik dat Christene mislei kan word. Daar is wolwe met skaapsklere aan, ook in die kerk. Daar is meer as een kerk. Mense moet met ander woorde kies.

Dit is belangrik om reg te kies. Die toetssteen vir die keuse word hier eksplisiet genoem. Om by die ware kerk aan te kan sluit moet die ware kerk gesoek en gevind word. Wat is die kriteria? Ons vind hulle in die Bybel.

aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-ëien.

Waarom is dit so belangrik om die ware kerk te vind? Daar is soveel kerke wat aanspraak maak daarop dat hulle die ware kerk is. Sektes is baie lief daarvoor om te stel dat hulle die enigste ware kerk is. Hulle bewyse word dan gebied in die vorm van menslike ervarings en aanskoulike gebeurtenisse.

Dit is eintlik vanselfsprekend dat elke kerk die titel van ware kerk sal toe-ëien. Geen groep sal stel dat hulle 'n afskaduwing of 'n vervalsing van die ware kerk is nie. Mense sal hulle vermy. Die gegronde aanspraak op ware kerk wees, is die waarborg vir lidmate dat hulle met rustigheid kan aanbid. Dit beteken dat ons die kenmerke van die ware kerk sal moet uitspel. Die valse kerk sal die fokus op verkeerde sake plaas en met oortuiging mense lok. Kyk maar na die toestroming van ekstreme charismatiese kerke om die waarheid van die laaste stelling te toets.

Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is;

Die onderskeid tussen sigbare kerk en onsigbare kerk is reeds bespreek. Die kerk se bevolking bestaan uit gelowiges en skynheiliges. Net God weet wie waarlik glo. Hierdie artikel wil nie nou weer daarop ingaan om die onderskeid uit te lig

nie. Hierdie artikel wil fokus op die aard van 'n kerk ten opsigte van die kenmerke van die kerk, nie die gesindheid van lidmate nie. Kerke word met ander woorde nie getoets aan hulle lidmate nie, maar aan hulle dogma en aktiwiteite. Net omdat 'n kerk huigelaars ook het, maak nie dat daardie kerk skielik 'n valse kerk word nie. Die ketting is nie so sterk soos die swakste menslike skakel nie. Kerke word aan die hand van drie kriteria getakseer.

maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is.

Al lyk dit vandag vir ons asof daar 'n glyskaal (kontinuum) van getrouheid is, is dit tog moontlik, nodig en belangrik om die onderskeid te kan tref. Daarsonder word lidmaatskap 'n willekeurige potspel of lukraak smaak-bevredigende aktiwiteit.

Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek,

Die eerste kenmerk van die ware kerk is dat die Evangelie suiwer verkondig word. Dit lyk met eerste oogopslag vanselfsprekend. Dit was ten tye van die Reformasie nie so voor-die-hand-liggend nie. Die Roomse kerk was oortuig dat kerklike tradisie asook die Pous se dekrete net so gesaghebbend is as die Skrif. Daar is vandag baie kerke wat naas die Skrif sake soos tradisie, drome, spreke in tale, profesie en ander stel naas (en selfs bo) Skrifgesag.

Wat beteken dit om die Evangelie suiwer te verkondig? Die beginsel *Scriptura suiipis interpret* (die Skrif interpreteer/

verklaar homself) moet in ag geneem word. Indien ons daardie gedagte ontgin, vind ons dat daar deurgaans klem gelê word op Jesus Christus, Sy versoenende werk om sondaars te verlos deur Sy lewe, dood en opstanding. Daar is niks vaag of onseker daaroor nie. Vae gesprekke oor liewe Jesus en opspraakwekkende tale spreke of wondergenesings is nie deel van hierdie kern nie. Paulus herinner die lewers in I Korintiërs 15 wat die kern van die boodskap is. Die ware kerke hou met ander woorde by die verlossende Christus-boodskap.

die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het

Die tweede kenmerk van die ware kerk is dat die sakramente bedien word soos Christus dit ingestel het. Daar is kerke wat die sakramente totaal ignoreer. Die Roomse kerk het sewe sakramente te wete Doop, biege, Nagmaal, bevestiging (aanneming), huwelik, heilige ordes (priester of non word), salwing (op sterfbed laaste oliesel).

Nagmaal is deur Christus ingestel. Ons lees daarvan in die Evangelies en Paulus se briewe. Die Doop is in opdrag van Christus ingestel. Ons lees dat dit van die begin van die kerke deel van hulle ritme was. Dit is die enigste twee sakramente wat Christus ingestel het.

Die Nagmaal kan verkeerd gevier word. Ons lees dat daar al in die eerste gemeentes vergrype was rondom Nagmaal. Kerke moet seker maak dat hulle viering van die maaltyd in lyn is met dit wat ons in die Skrif daaroor leer.

Die Doop stel sekere basiese voorwaardes. Dit gaan oor die naam (Vader, Seun en Heilige Gees), dit geskied eenmalig en dit geskied met

water. Dit is veral in terme van die herhaling en volume water waar mense voorkeurevereistes begin maak. Daarmee saam het die saak van ouderdom bygekome as vereiste. Kerke wat weer doop, verloën Christus se eenmalige dood en opstanding, verloën met ander woorde die Evangelie. Diegene wat 'n ouderdomsvereiste stel aan die doop, **voeg by** tot die Evangelie. Diegene wat aandrang op meer water om te kan onderdompel **voeg by** tot die Evangelie. Daar is met ander woorde kerke wat veral in hulle praktyke rondom die doop, hulself uitsonder as valse kerke.

en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf -

Dissipline is 'n sensitiewe saak. In 'n vorige era in ons land was daar gevalle waar liefdeloos opgetree is teenoor sekere mense. Sensuur was gebruik as afskrikmiddel, strafmaatreël, as magsinstrument. Teen daardie agtergrond is daar mense wat met reg kwaad is vir die kerk en dan in dwaasheid sommer die Here ook afskryf.

Die regte toepassing van tug het 'n uitdaging geword, veral omdat ons leef in die eeu van menseregte. Dit gaan oor meer as net gehoorsaam wees aan die Skrif. Dit gaan oor die Skrif reg interpreteer en kreatief toepas op die eie situasie. Dit kan net geskied daar waar die Evangelie reg verkondig word.

Die eerste beginsel bly die liefde. Die doel met tug is om iemand op die regte pad te kry. Jy tug omdat jy liefhet. Daardie liefde moet die hele tugproses deursuur en bestuur. Tug is nie net daardie ekstreme aksie van sensuur nie. Dit begin by 'n liefdevolle, veilige gesprek waar die

persoon se optrede aangespreek word. Dit is 'n stadige proses wat met geduld aangepak word. Dit moet net altyd gedoen word. Waar die Woord suiwer verkondig word en die sakramente reg toegepas word, sal mense vir mekaar omgee en mekaar waarsku teen optredes wat na die verderf lei. Dit is die begin van tug. Soms moet ons hard skreeu om iemand se aandag te trek. Dit is die voortsetting van tug. Soms moet ons erken dat iemand die pad heeltemal byster geraak het en dat daardie persoon nie meer glo nie. Dit is die hartseer einde van 'n pad onder die tug.

kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.

Hierdie opsomming stel die saak duidelik. Die gemeenskap wie se gedrag in lyn is met dit wat ons in die Bybel terugvind, is ware kerk. Gelowiges wat die suiwer Evangelie hoor, die sakramente bedien en hulle lewens inrig soos dit hoort is besig om ware-kerkwees uit te beeld.

Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Met hierdie stelling word die eerste deel van die stelling oor die ware kerk afgesluit. Gelowiges moet nie net kies nie, hulle moet ook daardie keuse opvolg deur deel te wees van sodanige kerk.. Artikel 29 bespreek verder die lidmate van die ware kerk en dan die kenmerke van die valse kerk. Meer daaroor in die volgende uitgawe.